# ARTICLE 2 (Enduroworld Feb 2011)

[Eugene Beyers]

Ja happy happy aan almal !

Moet julle net vertel van my GS trip. Ek het maar die plasiek fiets gebere vir Des. Bang as ek te veel oefen kan julle nie meer byhou nie !

Dit het als begin met n dart en n kaart. Dirkie, hoofseun van die ekspedisie, het sy kniegie beseer die week van tevore en kon ma net die dart in n rigting wens. Sy stemreg het gekwyn want met sy GS in Natal, sy gat in Tranvaal en sy eer op n berg, moes hy maar net volg. Hy het geweier om ons te drop en besluit hy vlieg maar in die rigting wat ons ry. Lou het gemik vir Botswana se panne maar met al die reen was ons huiwerig. Maputho is altyd kwaai, veral die stukkie sand na Kosiebaai. Die panne van Afrika is tog maar altyd n bekoring vir n man met n doring.

Terwyl ons so mik mik vertel Fanie de Villiers vi ons op tv Kaapstad verwag n hittegolf. Wel nie een van ons was al op Nuweland nie! Ek het ook nog nooit rede daarin gesien om Kaapstad toe te ry met die bike nie......... maar dit sou beteken dat ons n iron butt op ons kerfstok kon sit. Daar is ook blykbaar baie son en ons was gatvol vir reen.

Ons spring toe 5 uur die volgende oggend weg, Lou op sy KTM en ek op n regte Adventure. Dit klink simpel maar ons moes so paar draai ry om die 1000 myl vol te maak want Kaapstad is te naby ! So besluit ek toe daar by een nuwe tolhek op n special stage,net 30 km grondpad, ons mis die tolhek en ons maak so 50 km op. Dis reenerig en die pad snot en terwyl ek nog dink hier moet ek versigtig toe le ek al ! Lou lag sy gat af want als is vol modder en my GS pakkie lyk nie meer so mooi nie. Van Bloem tot in Colesberg pis dit. Gelukkig was dit my modder so biki af, maar toe ons net buite Colesberg weer nat reen raak ons bitter. Lou wil nou elke 50 km rook en ontdek 30 nuwe sitposies op sy bike.

Toe tref ons die groot son ! Tussen 18h15 en 18h30 is ons deur die Hekrivier vallei en dis 40 grade. Ek weet nie hoe slaap daai mense nie! In die kaap aangekom is dit darm 32 grade so teen 20h30 maar ons het geweet Derick sit en wag met n koue bier. Dit was die lekkerste bier wat ek nog gedrink het. Ek was egter te bang om vir Lou te se ons kort nog net 23 km vir die iron butt want die laaste 200 km was hy erg ongelukkig. Na n lekker ete en wyn koop ek toe maar vir Derick om om so paar draai te ry oppad gastehuis toe.

Ons het krieket gaan kyk en weet nou almal wie is Mnr Kallis.......hy is ons allis........40 grade en lekke baie son.

Ons het The Bay hotel in Campsbaai oorgeneem.

Ons weet n Nissan Tida is nie n 4x4 nie.

Ons weet Houtbaai is n lekke plek

Ons weet die kaap kan ook warm wees.

Ons weet Derick is n pel 1000 en sal jou nie drop nie.

En ek weet Lou is n yster. Met KTM Adventure n Iron Butt gedoen! My maat dit wil gedoen wees !




